

## DISKRESIONÊRE TRUST

# Dink vóór jy jou huis oorplaas



### RAAD MET JOU RANDE

NICO VAN GIJSEN

'n Leser wil weet oor die oordrag van sy woonhuis wat in sy naam geregistreer is, na 'n diskresionêre trust.

Hy is aangeraai om die huis, wat sowat R2,3 miljoen werd is, na die trust oor te dra en vir hom vruggebruik te hou. Deur die vruggebruik sal hy pleks van R160 000 se hereregte glo net R30 000 hoef te betaal.

"Is dit wettig? Maak die oordrag van die eiendom na die trust finansieel sin?"

Ja, dis wettig. Of dit finansieel sin maak, is nie so eenvoudig nie. Maar my eerste indruk is, nee, dit maak nie sin nie. Kom ons kyk.

Die neiging deesdae is juis om primêre woonhuise wat in trusts (en BK's en maatskappye) gehou word, in die persoon se eie naam te registreer. Dit word moontlik

gemaak deur 'n tydelike wetsbepaling (par. 51 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962), vry van hereregte en kapitaalwinstbelasting. Dié toegewing geld nog tot einde vanjaar.

Die R30 000 (ek gebruik die leser se syfers) is nie jou enigste finansiële skade nie.

Jy kan dink Jan Taks sal nie sulke gapings goedsmoeds toelaat sonder dat hy érens vorentoe staan en wag nie, of hoe? Ek kom terug na dié punt toe.

Jy "sit" nie sommer 'n huis, of enige bate, in 'n trust, soos ek al mense hoor praat het, nie. Óf jy skenk dit aan die trust en betaal 20% geskenkebelasting óf jy verkoop dit aan die trust.

As die trust nie die geld het om jou te betaal nie, moet dit op leningsrekening wees wat op sigself 'n bate in jou boedel is.

Wat boedelbelasting betref, het jy dus nog niks bereik nie, anders as om toekomstige groei uit jou boedel te hou. Daar is egter veel meer op die spel.

Die geskenkebelasting en hereregte is minder omdat jy slegs die eiendomsreg aan die trust oordra en nie die volle waarde van die eiendom nie. Die vruggebruiks-waarde hou jy vir jouself. Daar is veral twee kwessies wat jou vorentoe kan knyp, waarna ons kortliks kyk - 'n moontlike boedelbelastingprobleem en 'n kapi-

taalwinstbelastingprobleem. Die vruggebruik is 'n bate in jou boedel as jy sterf en onderworpe aan boedelbelasting.

Die waarde van die vruggebruik word bereken deur die waarde van die huis op die dag van dood (ek veronderstel 'n lewenslange vruggebruik) in ag te neem, sowel as die lewensverwagting of termyn waaroor die vruggebruik na die volgende vruggebruiker oorgaan of beëindig word.

Die groot skade is egter kapitaalwinstbelasting (KWB). Eerstens gooi jy nou 'n KWB-aftrekking van R2 miljoen wat 'n primêre woning geld, sommer net weg. Hierdie aftrekking geld nie as die trust later die huis wil verkoop nie, dit geld net natuurlike persone.

Die trust verkry daardie huis teen 'n baie verlaagde basiskoste (vir KWB-doeleindes).

As die trust later die huis verkoop, is sy KWB-verpligting soveel erger. KWB word betaal op die verskil tussen die verkoopprijs en die basiskoste toe die bate verkry is.

► Nico van Gijzen CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of stuur 'n e-pos na nico@finlac.com.